




Ons deel die genade van God.

Handelinge 20:17-34

About 397,000 results (0.21 seconds)

Go to Google.com



Wanneer? 30-65 n.C.

So what? Handelinge beskryf die geboorte van die kerk vanaf Pinksterdag tot Paulus se gevangenskap in Rome. Die "handelinge" waarvan daar vertel word, beskryf meestal die apostels Petrus en Paulus se invloed in die vroeë kerk. Mens sien hoe die Heilige Gees die gemeentes gelei en bekragtig het. Mens sou ook kon sê dat Handelinge 'n vervolg op Lukas se evangelie is ('n deel twee) wat die invloed wat die verhaal van Jesus en God se genade op mense gehad het vertel.

Waar? Efese



agtergrond vir die week:

In hierdie gedeelte neem Paulus afskeid van die gemeente in Efese. Die skrywer (Lukas) herinner die gemeente wat Paulus in Efese gestig het aan die boodskap wat hy na hulle gebring het, nl. die boodskap van God se genade. Van Handelinge 19 af skets die skrywer 'n parallel tussen Jesus, wat God is, en Paulus wat die boodskapper van God is. Die boodskap van hierdie gedeelte wys dan veral na God en God se koninkryk wat anders lyk as die koninkryk van die wêreld waaraan die

Efesiërs blootgestel is. Die doel van hierdie gedeelte is dieselfde as 'n testament: Paulus se laaste woorde aan die ouderlinge in Efese herinner aan hulle taak: om beeld van God te wees. Hulle moenie só deur hulle samelewing beïnvloed word dat hulle daardeur opgeslurp word nie. Hulle moet, soos wat Paulus van God se genade afhanklik was, ook van God se genade in hulle lewens en in die kerk bewus raak en daaraan vashou. Hulle het wat hulle nodig het.

om die etenstafel:

Gebruik 'n geleentheid waar julle gesin almal om die etenstafel sit om oor die volgende te gesels:

- Waar kan ons God se genade oral in ons leefwêreld raaksien?
- Watter ander boodskappe vertel ons omgewing ons, wat in stryd is met God se genade?
- Hoe kan ouers vir hulle kinders genade wys?
- Hoe kan kinders vir hulle ouers genade wys?
- Wat kan ons as gesin gaan doen, wat vir ander mense sal wys dat God genadig is?

kategesemateriaal:

Laai gerus die kategesemateriaal (kategete blad) van die kerk se website (www.ngwierdapark.co.za) af om te sien wat in die klasse behandel is.